# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# Multi-geletterdhede 730 (JGL 730)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Nagraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Programme** | BEdHons Assessering en Kwaliteitsversekering in Onderwys en Opleiding |
| | BEdHons Onderwyser Opvoeding en Professionele Ontwikkeling |
| **Voorvereistes** | Enige ekwivalente voorgraadse taal en/of geletterdheidsmodule |
| **Kontaktyd** | 7 lesings |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Geesteswetenskaplike Opvoedkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 of Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module ondersoek die konsepte "multi-geletterdhede" en "multimodaliteite" met die klem op die belangrikheid daarvan in die onderrig van leerders uit diverse linguistiese en kulturele gemeenskappe. Die onderwerpe wat in hierdie module behandel word moet nie in isolasie beskou word nie, maar hou onderling met mekaar verband en is op onderrig in die globale klaskamer van toepassing. Onderwerpe sluit, onder andere, die volgende in: taal en geletterdhede; taalverwerwingsteorieë; taalbeleidsdokumente; die veeltalige klaskamer; Engels as *lingua franca*;
*World Englishes*; globalisering en skool- en sosiale geletterdhede. Daar word van die student verwag om geskikte toepassings te ontwerp van 'n verskeidenheid konsepte van innoverende klaskamerpraktyke wat in 'n gevorderde kennis van kern-Suid-Afrikaanse tekste, beleide en kwessies wat in hierdie module hanteer word, weerspieël.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.